**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE**:
Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.

**VISION**:
Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

We are all part of Bergrivier Municipality.
We render good services to ensure dignified living to all.
We are unashamedly pro-poor.
We believe in close innovative partnerships.
We believe in social and economic development of our area.
We care about our work and our colleagues.
We are disciplined.
We believe in good relationships.
We serve with pride.

---

45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI



*Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.*

*Use water sparingly. Every drop counts.*

*Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.*

---

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 28 AUGUSTUS 2018 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG**:

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. JWA Kotzee | : | Munisipale Bestuurder – waarnemend |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Administrasie |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. JJ Breunissen | : | Bestuurder: Siviele Ingenieursdienste |
| Mnr. N Rossouw | : | Bestuurder: Elektriese Ingenieursdienste |
| Mnr. EJ Bothma | : | Hoof: Siviele Dienste: Porterville |
| Mnr. JF Strümpher | : | Hoof: Siviele Dienste: Piketberg |

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. I Saunders | : | Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaal - waarnemend |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

AKSIE

**BKN025/08/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

***

**BKN026/08/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Munisipale Bestuurder – siekverlof

***

**BKN027/08/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN028/08/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DONDERDAG 16 AUGUSTUS 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Donderdag 16 Augustus 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)***

***

**BKN029/08/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN030/08/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Geen

***

**BKN031/08/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: DVD: HORST SCHULZE – PROVIDING EXCELLENT CUSTOMER SERVICES**
**3/3/1/5**
***('n Video word getoon)***

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die video oor kliëntediens.

***('n Verslag word ter tafel gelê deur die Uitvoerende Burgemeester – Bylae A)***

Tydens die bespreking van dienslewering binne Bergrivier Munisipaliteit vertoon die Uitvoerende Burgemeester enkele foto's van die woongebiede in Bergrivier Munisipaliteit en meld hy dat hy nie tevrede is met die huidige toestand van paaie, oopruimtes, ensovoorts in die woongebiede nie.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat dienslewering daadwerklik aangespreek word met spesifieke verwysing na sy inhuldigingstoespraak ***(Bylae A in die notule)*** en versoek dat die situasie reggestel word.

Verder rapporteer hy mondelings oor klagtes wat hy vanuit die breë gemeenskap ontvang het.

***(Die Bestuurder: Siviele Ingenieursdienste verlaat met toestemming deur die Voorsitter die vergadering om 11:00)***

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Bestuurders vir die bywoning van die vergadering en versoek dat hulle die probleme sal afhandel binne hul gedelegeerde bevoegdhede.

Die waarnemende Munisipale Bestuurder meld dat 'n vorderingsverslag met betrekking tot die klagtes/probleme by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gedurende September 2018 voorgelê sal word.

***DIREKTEURE (SEPTEMBER 2018)***

***

***(Na afloop van item BKN031 verlaat die Bestuurders die vergadering)***

**BKN032/08/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN033/08/2018**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: AANSTELLING VAN DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE / CFO VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**9/1/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in en meld dat die Direkteur Finansiële Dienste as Direkteur bedank het en dat die verslag die proses van aanstelling van die Direkteur Finansiële Dienste / CFO uiteensit.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die vulling van die vakature vanaf 1 Desember 2018 (of so spoedig moontlik daarna) aanbeveel na die Raad vir goedkeuring;

2. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die implementeringsplan goedkeur;
3. Dat die konsep advertensie oorweeg word aan die hand van alle relevante wetgewing en goedgekeur word vir advertering in die geïdentifiseerde media;
4. Dat die samestelling van die onderstaande paneel aanbeveel word aan die Raad, soos in paragraaf 5 van die verslag,
   - 4.1 Die Munisipale Bestuurder, Adv. Hanlie Linde;
   - 4.2 Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verantwoordelik vir die funksie (Finansies) Raadsdame Sandra Crafford;
   - 4.3 'n Eksterne persoon met relevante kennis en vaardighede (expertise) na konsultasie met die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en die Portefeulje Voorsitter vir Finansies, het die Munisipale Bestuurder die huidige Direkteur van Finansies van Swartland Munisipaliteit, Mnr Mark Bolton, versoek om as kundige op die aanstellingspaneel te dien;
   - 4.4 Die Uitvoerende Burgemeester *ex-officio* deel uitmaak van die aanstellingspaneel (observerend);
   - 4.5 Dat Raadsdame Sanette Smit (Komiteelid van Finansies) genooi word om observerend deel te neem aan die proses;
   - 4.6 Dat beide die amptelike vakbonde verteenwoordig in Bergrivier Munisipaliteit naamlik SAMWU en IMATU genooi word om een verteenwoordiger elk te benoem om observerend deel te neem aan die proses; en
5. Dat beide vakbonde (SAMWU en IMATU) versoek word om teen 7 September 2018 hul verteenwoordiger (een per vakbond) te benoem en in skrif deur te gee aan die Munisipale Bestuurder.

***

**BKN034/08/2018**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: REVIEW OF PERFORMANCE AND AUDIT COMMITTEE CHARTER FOR THE 2018/2019 FINANCIAL YEAR</u>**
**12/2/2/21**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Interne Ouditeur lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer.

**<u>RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL</u>**

That the Performance and Audit Committee Charter be tabled to Council for final approval.

***

**BKN035/08/2018**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: DIENS-VERSKAFFER: HERWINNINGSKONTRAK: VELDDRIF (HENQUE 3105 CC)**
**15/1/5/9**

Raadslid Wessels gee mondelings terugvoer rakende die aangeleentheid en verwys na die uitslag vanaf die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie, asook 'n skrywe vanaf Henque 3105 CC wat hy per e-pos ontvang het vanaf die Munisipale Bestuurder op Woensdag 15 Augustus 2018.

**AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die mondelinge terugvoer oor die aangeleentheid; en
2. Dat 'n verslag voorgelê word aan die Raad op Dinsdag 28 Augustus 2018 met die nodige dokumentasie vir 'n finale besluit.

***

**BKN036/08/2018**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

In sy terugvoer meld die Direkteur Tegniese Dienste die onderstaande stand van die damvlakke:

| Damme | Persentasie |
|---|---|
| Bergrivierdam | 93% |
| Voelvleidam | 72% |
| Theewaterskloofdam | 44% |

Ten slotte bevestig die Direkteur Tegniese Dienste dat die huidige waterbeperkings steeds geld vir Bergrivier Munisipaliteit.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN037/08/2018**
**SUBMISSION OF TOP LEVEL SERVICE DELIVERY BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) FOR 2018/19 FINANCIAL YEAR**
**15/1/5/5**

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council note the final Top Level SDBIP as approved by the Acting Executive Mayor for the 2018/19 financial year.

***

**BKN038/08/2018**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN039/08/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN040/08/2018**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN041/08/2018**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN042/08/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN043/08/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:45***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

_________________________________ _____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***